AFDELING C - EMPIRIES

# Hoofstuk VIII

# BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEK

## 1. Doelstellings met die ondersoek

Die doelstelling met die empiriese ondersoek is om vas te stel hoe dit met die praktiese opleiding van onderwysers aan Transvaalse onderwysersopleidings=inrigtings gesteld is. In die verband sal die doel=stellings met die praktiese opleiding soos in hoof=stuk III geformuleer, in gedagte gehou word.

In die ondersoek word 'n opname gemaak van al die aspekte wat ter sake is by die praktiese oplei=ding van studente aan die onderskeie opleidings=inrigtings sowel as aan die skole waarheen studente in die loop van hulle kursus vir praktiese opleiding gestuur word. Hiervoor moet aandag aan al die be=trokkenes by die praktiese opleiding gegee word, te wete die studente en dosente van die opleidingsinrig=tings asook die hoofde en onderwysers van die skole waarheen studente vir hulle praktiese opleiding ge=stuur word.

## 2. Die vraelysmetode as metode van ondersoek

Die aard van die inligting wat van boge=noemde persone verlang is, is hoofsaaklik feitlike gegewens ten opsigte van besondere stelsels en ge=bruike in verband met praktiese opleiding asook die

betrokke persone se menings, houdings en gesindhede ten opsigte van die betrokke stelsels.

Soos vroeër gemotiveer, is die vraelys as die geskikste navorsingsinstrument vir die versameling van hierdie gegewens gekies.[1)]

3. <u>Die vraelyste</u>

a. <u>Voorbereidingswerk</u>

Die opstelling van die verskillende vrae=lyste is voorafgegaan deur voorbereidingswerk van uit=eenlopende aard.

Die ondersoeker is verbonde aan 'n Transvaalse onderwyskollege en is onder andere belas met die or=ganisasie van die studente se oefenonderwys. In die hoedanigheid handhaaf hy gereelde en noue skake=ling met die studente en dosente van sy kollege asook met die onderwysers en hoofde van die skole in die kollege se oefenonderwysgebied. Die ondersoeker is gevolglik in die geleentheid gestel om 'n oorsigte=like beeld van al die fasette van oefenonderwys aan sy kollege en by die meewerkende skole te vorm en sodoende ook vertroud te raak met die probleme en moontlike leemtes in die betrokke inrigting se stel=sel.

Met die aanvang van die onderhawige studie is 'n omvattende bronne-studie ten opsigte van die prak=tiese opleiding van onderwysers gemaak. Om 'n voor=lopige opname van sommige van die plaaslike probleme asook van studente se houdings, menings en gesindhede

---

1) Kyk hoofstuk I, p. 11.

te kon maak, is in Augustus 1966 'n versoek aan af= studerende studente van die betrokke kollege gerig om hulle indrukke van die stelsel van oefenonderwys op skrif te stel. Hierdie opname het onder andere 'n verskeidenheid probleme in verband met die prak= tyk van oefenonderwys, soos gesien vanuit die stu= dente se oogpunt, aan die lig gebring.[1] Dat heel= wat van die vraagstukke en van die knelpunte van die stelsel nie tot die besondere inrigting beperk is nie, blyk onder andere uit aanhalings in verband met die praktiese opleiding in verskillende ander lande.[2]

Met die eie ondervinding, bronnestudie en die genoemde meningopname onder studente van een inrig= ting as agtergrond, is oorgegaan tot die volgende fase van die ondersoek, nl. om die problematiek ten opsigte van die praktiese opleiding van onder= wysers met so 'n verteenwoordigende groep persone as wat nodig geag is, te bespreek. Onderhoude is gevoer met dosente van die verskillende soorte in= rigtings wat onderwysers oplei, met onderwysers wat hulle eie opleiding in oënskou kon neem, met onder= wysers wat gereeld met oefenonderwys-studente in hulle klasse te make het, met skoolhoofde wat prak= tiese ervaring het van die organisatoriese aspekte van oefenonderwys, asook met 'n verteenwoordigende groep studente van een inrigting.

---

1) Kyk hfst. I, p. 5-8.

2) Kyk hfst. I, p. 3-5.

Na aanleiding van die kennis en inligting wat op bogenoemde wyses ingewin is, is 'n skema vir die samestelling van 'n reeks vraelyste met die promotor bespreek.

b. Opstelling van die vraelyste

Daar is besluit om vraelyste vir vier verskillende ondersoekgroepe op te stel. In die eerste plek is besluit op een vir studente aan die verskillende inrigtings wat onderwysers oplei. Tweedens op een vir dosente aan die bogenoemde inrig= tings en derdens een vir hoofde van die skole wat ge= reeld studente vir oefenonderwys ontvang. Vierdens is besluit op 'n vraelys vir die onderwysers wat by bogenoemde skole met die studente se oefenonderwys gemoeid is.

Die vraelyste is opgestel met inagneming van die verskillende vereistes wat aan 'n doeltreffende vraelys gestel word.[1)] Aangesien die versamelde gegewens met behulp van 'n rekenoutomaat verwerk sou word, is ook spesiale aandag aan die tegniese ver= sorging van die vraelyste gewy. Die belangrikste uitgangspunt met die oog op rekenaarverwerking is dat response deur middel van 'n syfer uitgedruk moet kan word. Om hierdie rede is sekere vrae in die vraelyste opgestel met die mees moontlike ant= woorde volgend op die vrae — die sogenaamde meer=

---

1) Gebruik is onder andere gemaak van Koos, L.V.: The questionnaire in education; Good, C.V. & Scates, D.E.: Methods of research.

voudige keuse-vrae. Teenoor elke antwoord word 'n syfer aangegee. Respondente moet dan hulle keuse van antwoorde aandui deur die betrokke syfer te om= kring. Geleentheid vir geskrewe kommentaar is slegs in die geval van die vraelyste vir dosente, skool= hoofde en onderwysers gegee, en wel aan die einde daarvan.

Die vier konsepvraelyste is vervolgens aan ver= skillende ervare kollegas en aan erkende empiriese navorsers vir kommentaar voorgelê. Waardevolle wenke is op hierdie wyse verkry.

c. Toetsing van die vraelyste

Om vas te stel of al die vrae duidelik genoeg gestel is, of alle moontlike antwoorde op vrae aangedui is en of die gewenste response op die vrae verwag kon word, is die betrokke vraelyste vervol= gens aan drie verteenwoordigers uit elke ondersoek= groep vir beantwoording voorgelê. Geen noemenswaar= dige leemtes het as gevolg van hierdie toetsing aan die lig gekom nie.

Die vraelyste is hierna deur 'n ervare Engelse taalkundige in Engels vertaal. Vervolgens is die vraelyste aan die promotor vir sy kommentaar en fi= nale goedkeuring voorgelê.

d. Verlof om vraelyste te versprei

Aangesien die meeste respondente van die verskillende ondersoekgroepe in die diens van die Transvaalse Onderwysdepartement staan, is 'n stel van die vraelyste vir goedkeuring aan dié departement

voorgelê. Nadat twee moontlike kontensieuse vrae in die vraelys aan studente op versoek geskrap is, is verlof ontvang om die vraelyste vir beantwoording aan inrigtings onder beheer van die T.O.D. voor te lê.

Die vraelyste is vervolgens op wasvelle getik, afgerol en gereed gemaak vir verspreiding aan die verskillende ondersoekgroepe.

4. Versameling van die gegewens

a. Inrigtings wat onderwysers oplei

Teen September 1967, toe die finale vraelyste getik is, het die Transvaalse inrigtings wat uitsluitlik of onder andere onderwysers oplei, uit die volgende tien[1)] bestaan: Twee universiteite, t.w. die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Pretoria; vyf onderwyskolleges onder provinsiale beheer, t.w. die Potchefstroomse, Pretoriase, Goudstadse, Heidelbergse en Johannesburgse Onderwyskolleges; drie inrigtings onder volle of gedeeltelike beheer van die Departe= ment van Hoër Onderwys, t.w. die Johannesburgse Kuns= skool, die Johannesburgse Onderwyskollege vir Huis= houdkunde en die Pretoriase Tegniese Kollege. Toe die vraelyste gedurende Oktober 1967 by hierdie in= rigtings afgelewer is, het dit bekend geword dat die Heidelbergse Onderwyskollege aan die einde van 1967 sou sluit. As gevolg van hierdie besluit is die ondersoeker deur senior personeellede van die

1) 'n Elfde inrigting, die Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse (te Johannesburg) is nie in hierdie ondersoek ingesluit nie.

inrigting afgeraai om die kollege se dosente en studente by die ondersoek te betrek. Afgesien van die moontlikheid dat die verwarde gemoedstoestand van die personeel en studente die voltooiing van vraelyste nadelig kon beïnvloed, sou die drukke werksomstandighede wat gepaard gegaan het met die sluiting van die kollege wat op hande was, dit prakties onmoontlik maak om ook nog so 'n ondersoek bevredigend af te handel. Daar is gevolglik besluit om die ondersoek te beperk tot die oorblywende nege inrigtings.

b. Vraelyste aan studente[1)]

Aangesien die meeste inrigtings se studente gewoonlik net na die wintervakansie, dit wil sê gedurende Augustus met oefenonderwys besig is, is besluit om die vraelyste só af te lewer dat studente dit in die loop van September en Oktober, wanneer hulle weer by hulle opleidingsinrigtings terug is, kon voltooi. Hierdie tyd van die jaar hou die voordeel in dat die afstuderende studente dan pas hul laaste oefenonderwystydperk agter die rug het. Hierdie studente het dus teen dié tyd 'n oorsig oor die praktiese opleiding van hulle hele kursus. Dit is besluit om die studente wat vir hierdie vraelys as die universum aanvaar sal word, te beperk tot die groepe wat met hulle professionele opleiding besig is, en alreeds aktief met oefenonderwys kennis gemaak het.

---

1) Kyk bylae A.

Uit die inligting wat van die nege inrigtings verkry is, is vasgestel dat die universum wat so saamgestel is, op daardie stadium 4282 studente was.

Om ekonomiese redes en om die insameling van die gegewens nie so 'n groot las op die personeel=lede van die opleidingsinrigtings te maak nie, is besluit om 'n gestratifiseerde ewekansige steek=proef uit hierdie groep studente te trek. Dit is wenslik beskou om die steekproef sodanig te trek dat dit so na moontlik met die belangrikste groeperings (strata) van die universum sou ooreenstem, te wete die inrigtings, jaargroepe en kursusgroepe. Aange=sien dit nie prakties moontlik sou wees om die steek=proef ook ten opsigte van die ander groeperings wat gebruik sou word, nl. geslagte en skoolslaaggroepe, bevredigend uit te voer nie, is van die veronder=stelling uitgegaan dat die verteenwoordiging van hierdie twee groeperings in die steekproef 'n goeie weergawe van die universum sou wees.

Daar is vooraf by elk van die inrigtings die nodige besonderhede ingewin, t.w. die getal studente in al die jaar- en kursusgroepe wat die universum uitmaak. Om 'n 25%-steekproef oor te hou, is daar besluit om aan minstens 33⅓% van alle aangewese klas=groepe vraelyste uit te deel.

Die vraelyste is hierna vir elke inrigting in jaar- en kursusgroepe ingedeel en persoonlik afge=lewer aan 'n meewerkende personeellid van elk van die inrigtings. Die hoofde van die betrokke inrigtings

of onderwysersopleidingsafdelings en die dekane van die opvoedkundefakulteite van die twee universiteite is vooraf genader en hulle toestemming gevra om die vraelyste aan hulle studente uit te deel en te laat voltooi.

Nadat vasgestel is dat die verantwoordelike personeellid by elke inrigting op hoogte is met die beginsel van ewekansige steekproeftrekking, is dit aan die betrokke persone oorgelaat om, wanneer dit hulle pas, en volgens die metode van ewekansige steek=proeftrekking van hul eie keuse, die vraelyste te laat voltooi. Sorg is ook gedra dat hierdie persone hulle op hoogte met die inhoud van die vraelys gestel het en ook die prosedure wat met die invul van die vraelyste gevolg moes word, verstaan het.

Na voltooiing van die vraelyste en die versa=meling daarvan by die inrigtings, is dit deur die ondersoeker self teruggehaal.

c. Vraelyste aan dosente[1)]

Alhoewel die einde van die jaar nie die geskikste tyd is om opvoedkundige inrigtings met die beantwoording van vraelyste te belas nie, is dit tog raadsaam geag om die vraelyste aan studente en dosente aan die inrigtings gelyktydig te besorg, sodat die voltooiing van albei stelle vraelyste by een geleent=heid afgehandel kon word.

Dosente wat in die ondersoek betrek is, is be=perk tot dié wat met die praktiese opleiding van stu=

---

1) Kyk bylae B.

dente in die lesinglokaal sowel as tydens oefenonder=wys gemoeid is. Die universum wat voldoen aan die voorgaande beskrywing het op 426 dosente te staan ge=kom nadat die gegewens van die verskillende inrigtings verkry is.

Om die groots moontlike steekproef uit die totale getal dosente te verkry, is besluit om vraelyste aan al die beskikbare dosente uit te deel.

Die voltooide vraelyste is deur die medewerkers by die verskillende inrigtings in ontvangs geneem en deur die ondersoeker self teruggehaal.

d. <u>Vraelyste aan skoolhoofde en onderwysers</u>

Uit inligting wat van die verskillende opleidingsinrigtings verkry is, is vasgestel watter Transvaalse skole gereeld van een of meer van die inrigtings se studente vir oefenonderwys ontvang. Na aanleiding van hierdie inligting is die name van 334 laer- en hoërskole op die T.O.D. se amptelike lys van skole afgemerk en as die universum vir hier=die afdeling van die ondersoek aanvaar.[1)]

Alhoewel dit wenslik sou gewees het om die on=dersoek gelyktydig by die opleidingsinrigtings en die skole te laat plaasvind, is die einde van die skooljaar nie 'n geskikte tyd vir so 'n ondersoek nie. Die skoolhoofde en onderwysers is dan besig

---

1) Die hoër tegniese en handelskole wat in daardie stadium nie onder die T.O.D. geressorteer het nie, asook die verskillende soorte privaatskole is nie in die ondersoek betrek nie, omdat hierdie skole as groep nie gereeld vir oefenonderwysdoeleindes gebruik is nie.

met voorbereidingswerk vir die eindeksamen en daar kan moeilik verwag word dat hulle goeie aandag aan die voltooiing van die vraelyste sou gee. Anders as by die opleidingsinrigtings, kon die ondersoeker ook nie persoonlik met so 'n groot aantal skole in verbinding tree nie. Daar is gevolglik besluit om te wag tot die begin van die volgende jaar voor= dat die vraelyste aan die skole versend sou word.

Gedurende Februarie 1968 is die vraelyste onder dekking van 'n begeleidende brief aan die hoofde van die aangewese 334 skole versend. In die begeleidende brief is die doel en noodsaaklikheid van die onder= soek verduidelik en die skoolhoofde se samewerking gevra.[1] Aan elke skool is een vraelys vir vol= tooiing deur die skoolhoof[2] en vier vir voltooiing deur onderwysers[3] gestuur. Die besluit om die vraelyste aan onderwysers deur slegs vier onderwysers per skool te laat voltooi, kan soos volg gemotiveer word. Dit sou weinig waarde hê om die menings van alle onderwysers by die betrokke skole in te win, aangesien die ondersoeker slegs geïnteresseerd was in die menings van onderwysers met baie ondervinding van oefenonderwysstudente. Dit is gevolglik aan elke skoolhoof oorgelaat om self te besluit aan watter vier onderwysers op sy personeel die vrae= lyste vir voltooiing oorhandig sou word.

---

1) Kyk bylae C.

2) Kyk bylae D.

3) Kyk bylae E.

5. Verwerking van die gegewens

Die voltooide vraelyste aan dosente en stu= dente is voor die einde van die 1967-akademiese jaar by die verskillende inrigtings persoonlik teruggehaal. Die voltooide vraelyste aan skoolhoofde en onderwysers is per pos aan die ondersoeker terug gestuur.

a. Kontrole van die vraelyste

Eerstens is begin om die vraelyste van die studente en dosente te kontroleer. Vraelyste wat klassifiseerbaar was in minstens een van die aan= gegewe groeperings (strata), is as bruikbaar aanvaar en van 'n vraelysnommer voorsien.

Die vraelyste van skoolhoofde en onderwysers is by ontvangs van elke vraelys gekontroleer. Alle vraelyste wat minstens in skooltipes geklassifiseer kon word, is as bruikbaar aanvaar en van 'n vraelys= nommer voorsien. Teen die einde van April 1968 het die ondersoeker voltooide vraelyste ontvang van 60.5% van die aangewese 334 skoolhoofde en van 52.8% van die 1336 onderwysers wat deur die skoolhoofde aange= wys is. Aangesien daar in diē stadium slegs nog af en toe 'n koevert met voltooide vraelyste per pos afgelewer is en die vraelyste van skoolhoofde en on= derwysers wat reeds ontvang was as 'n goeie persen= tasie van die onderskeie universums beskou is, is besluit om die getal vraelyste van skoolhoofde en onderwysers as voldoende te aanvaar en met die ver= werking van die ingesamelde gegewens voort te gaan.

b. <u>Oordra van gegewens vanaf vraelyste op pons=kaarte</u>

Aangesien die verwerking van die vrae=lyste se gegewens met 'n rekenmasjien gedoen sou word, is alles na die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing geneem waar die gegewens vanaf die vraelyste op kaarte gepons is. Die ponskaarte is daarna deur personeellede van die Buro gekontro=leer om vas te stel of alle antwoorde op vrae gepons is, of die getal ponskaarte met die getal vraelyste ooreenstem en of die gegewens korrek gepons is.

c. <u>Verwerking deur rekenmasjien</u>

Volledige besonderhede en instruksies is vervolgens opgestel in verband met die aard van die frekwensie- en persentasietabelle wat uit die gegewens bereken moes word. Hierdie besonderhede en instruksies is aan die rekenaarpersoneel van die P.U. vir C.H.O. oorhandig vir programmering en ver=werking deur hulle rekenaar.

Nadat hierdie gegewens verkry is, kon voortge=gaan word met die verwerking en interpretering van die gegewens.